DEEL 112 | WEEK 18 | 7 MEI 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# AANVALLER HET VOORHEEN GEMOOR

'n Boer is Maandagoggend op 'n plaas tussen Frankfort en Heilbron aangerand en gedreig. Twee mans wat voorgegee het dat hulle skape wil koop, het agter op Gert Terblanche (68) se bakkie geklim om saam na die skaapkamp te ry.

Oppad terug nadat hulle die skaap opgelaai het, het een van die mans hom gevra om stil te hou. Beide mans het afgespring en Gert met 'n 9mm vuurwapen oorval. Hy is met kettings om sy nek en hande aan die bakkie se breekyster vasgebind. Hulle het gedreig om batterysuur in sy oë te gooi en hom dood te maak. Terblanche se familie het hom heeltyd probeer bel omdat hy nie gesond is nie. Dit het die twee aanvallers ontsenu en hulle het te voet op die vlug geslaan met Terblanche se beursie, selfoon en bakkie se sleutel.

Terblanche kon homself loskry en het na die nabygeleë huis gegaan waar hy kontak gemaak het met Bassopa Security & Tracking. Die aanvallers kon nie die vinnige optrede van die sekerheidsmaatskappy, gemeenskapspolisiëringsforum en plaaslike boere vryspring nie en is beide kort na mekaar teen omstreeks 11 uur vasgetrek.

Terblanche is in skok en het erge kneusings opgedoen. Een van die twee gearresteerde mans is op parool vrygelaat nadat hy skuldig bevind is op die dubbele plaasmoord van Fanie en Ina Smith.

Die paartjie is op Donderdag 30 Julie 2003, op die plaas Vadersdeel doodgeskiet. Beide is daarna in hul voertuig gelaai en in 'n geïsoleerde area naby Heilbron aan die brand gesteek. Twee neefs is destyds in die hof in Kroonstad aan die moorde skuldig bevind en tronk toe gestuur in 2005.

Vrystaat Landbou het bevestig dat daar gedurende 1 April 2016 tot en met 31 Maart 2021 reeds 298 plaasaanvalle was. Dit sluit 37 moorde in die Vrystaat in. Wanneer 2020-2021 met 2019-2020 se statistieke vergelyk word, is daar 'n duidelike toename van 5 moorde en 14 plaasaanvalle. Die getalle toon dat dit die hoogste in 'n periode van 5 jaar in die Vrystaat was.

Dis kommerwekkend dat die toename gedurende die inperkingsperiode plaasgevind het waar meer sigbaarheid van die polisie en wetstoepassing in plek was.

## HENGELAARSVRIEND

Pierre du Preez gaan elke jaar tydens die Maart/April skoolvakansie saam met sy gesin en vriende na Sodwana. Enkele dae voor hulle vanjaar terugkeer huis toe, trek Pierre tydens 'n diepsee-visvang op die 24ste April, 'n enorme Blou Marlyn uit wat 165kg weeg. Mnr du Preez is die eienaar van vulstasies in Koppies en vertel aan Heilbron Herald dat hy die vis nie sou kon uittrek sonder sy skipper, Emil Zitzke, agter die stuur van WILDCAT nie. Daar is wel die volgende dag 'n 240kg Marlyn deur 'n ander visserman uitgetrek, maar ons kontrei mag spog met hierdie besonderse prestasie.











# PERDEKAR GESELSKAP GENIET EGTE BOEREGASVRYHEID BY HUIS SILWERJARE TE PETRUS STEYN







*Donderdagmiddag 22 April nooi Huis Silwerjare die Perdekar Avontuur-geselskap vir koffie en melktert by die tehuis – wat 'n mooi gebaar. Op bygaande foto's kom die perdekar by Huis Silwerjare aan en kuier van die inwoners met die perdemanne. Staaltjies uit die ou dae word met hulle gedeel. Op die foto hieronder is Wessel, die organiseerder van die Perdekar Avontuur saam met oom Japie (96), 'n inwoner van Huis Silwerjare.*



# CHAMPIONS TAKE ACTION

Sadtu Mandla Makhanya hosted an event on gender-based violence. The event theme was "No excuse." Champions take action. The respective departments played soccer and netball games, which Sadtu coordinator Mokoena Tebello and Lucky Chalale representing Ngwathe Municipality organized. Mr Mabula (coach) and Ms Hlalele, both from Phiritona Secondary, were named the tournament's best players. Mr Sydney Madibo from Phiritona Secondary supplied campaign shirts. Scores went as follows, for soccer, Sadtu 1-2 Ngwathe Municipality. Then for netball, Sadtu 19-17 Ngwathe Municipality. *Report by: Mr Mokoena Tebello ( Sadtu)*

# OUTISME - WAT JY MOET WEET

■ *Heilbron Kliniek*

Gevalle van outisme neem wêreldwyd toe. Tog is die simptome van dié toestand soms so vaag dat ouers en selfs medici nie altyd verstaan wat 'n kind makeer nie. Boonop is daar 'n groot gebrek aan opleiding asook onkunde wat outisme betref, wat dikwels verhinder dat dit reg gediagnoseer en behandel word. 2 April was Wêreld Outismedag. **Hier is inligting wat ouers behoort te weet.**

Outisme is 'n neurobiologiese ontwikkelingsversteuring wat hoofsaaklik deur sosiale, kommunikasie- en gedragsprobleme gekenmerk word.

Op sosiale vlak weet kinders met outisme nie hoe om met ander te verkeer nie. Hulle speel selde met ander en hou hulself liewer eenkant besig met herhalende, soms eienaardige gedrag. Hulle kan ook nie ander se emosies en liggaamstaal verstaan nie en tree dikwels onvanpas op. Sowat 40% van outistiese kinders gebruik nooit woorde vir kommunikasie nie, of hulle manier van praat is eienaardig en herhalend. Baie verkies ook gebare, eerder as woorde, om te kommunikeer.

Wat gedrag betref kan outistiese kinders heeltemal obsessief raak oor 'n onderwerp of voorwerp, of hulle haak vas by 'n spesifieke ritueel. Soms voer hulle herhalende bewegings uit, soos om heen en weer te wieg, en hulle kan veral sensitief wees vir sekere klanke, reuke, teksture en selfs aanraking.

Om die situasie meer verwarrend te maak, is die term "outisme" omvattend vir vyf verskillende toestande wat in die outismespektrum val. Dit is:

• ***Outistiese versteuring:*** Die klassieke vorm van outisme waar kinders meestal in hul eie wêreld leef en nie eintlik op die buitewêreld reageer nie.

• ***Aspergersindroom:*** Lyers het 'n gemiddelde of bogemiddelde intelligensie en hul taalontwikkeling is gewoonlik uitstekend, dus kom baie ouers nie dadelik agter iets is verkeerd nie.

• ***Rett-versteuring:*** Byna net meisies ly aan hierdie seldsame toestand. Hulle sukkel om te kommunikeer, het eienaardige handbewegings, groei stadig, loop moeilik, en hul koördinasie is swak.

• ***Kinder-disintegrasie-versteuring:*** Kinders ontwikkel normaal tot op die ouderdom van twee of drie, en begin dan agteruitgaan. Hierdie seldsame vorm van outisme gaan soms met epilepsie gepaard.

• ***Omvattende ontwikkelingsversteuring:*** Dit sluit kinders in wat sommige maar nie al die simptome van outisme toon nie en is op baie kinders van toepassing.

Alles van besoedeling en dieet, tot die MMR-inenting teen masels, Duitse masels en pampoentjies is al as oorsake van outisme ondersoek, maar die oorsaak bly onbekend. Wat kenners wel weet, is dat outisme 'n lewenslange toestand is en teoreties nooit genees kan word nie.

**Gevaartekens**

Indien 'n kind - veral tussen die ouderdom van twee tot vyf - buitengewone kombinasie van die volgende eienskappe of gedragspatrone toon, moet dit met 'n spesialis bespreek word.

• Geen gesigsuitdrukkings en/of eentonige stemstoon.

• Ontwikkeling van spraak stadig, of praat glad nie.

• Reageer nie as jy met hom praat nie, lyk doof.

• Maak min of geen oogkontak.

• Verkies om op sy eie te speel.

• Swak verbeelding, sukkel om self met verbeeldingspeletjies te vermaak.

• Ingestel op fyn *detail*.

• Obsessiewe, herhalende gedrag, byvoorbeeld maak deure aanhoudend oop en toe.

• Eienaardige gedrag, byvoorbeeld wieg heen en weer.

• Gedrag waarmee hy homself kan beseer, byvoorbeeld kopstamp, byt, krap.

• Kan nie by vreemde roetines of rituele inskakel nie.

• Hou nie van fisieke aanraking nie.

• Baie sensitief vir klank of sensoriese prikkels, soos harde geluide, growwe materiale of helder ligte.

***Die diagnose:*** Die werklikheid is dat diagnose van dié toestand 'n gesin se lewe ingrypend verander, en dat dit hoë eise stel aan ouers ten opsigte van tyd en geld. Boonop is die simptome van outisme so wyd - en elke lyer se behoeftes so uniek - dat daar nie een enkele oplossing vir almal is nie.

Gelukkig ontdek navorsers elke dag meer oor hoe presies outistiese breine werk en kenners - veral dokters, terapeute en onderwysers - spits hulle toenemend daarop toe om meer van die toestand te leer. Dus hoef 'n diagnose van outisme nie 'n hopelose situasie te wees nie. Terapie, die regte opvoedkundige omgewing en professionele ondersteuning kan 'n reuse verskil in die lewens van outistiese kinders én hulle ouers maak.

*Erkenning: Maroela Media - 4 April 2016.*







# UIT DIE PEN

# WEEK AGTTIEN VAN 2021

Ek is 'n draadsitter wat inkopies aanbetref. Ek kon nog nooit besluit of ek daarvan hou al dan nie. Soms sak my moed in my skoene as ek daaraan dink dat ek na 'n winkel toe moet gaan, ander tye kan ek rustig deur die winkel stap sonder om oorweldig te word.

Die sielkunde van winkels het my lank reeds gefassineer. Nie die sielkundige uitwerking wat dit op my het nie, maar die sielkunde agter groter winkels se uitleg en bestuur. Ek het onlangs 'n artikel hieroor raakgelees, en hoe meer ek daaraan herkou, hoe meer maak dit vir my sin.

Volgens die artikel is kliënte geneig om meer te koop indien die geldeenheid nie op die strokie aangedui word nie. Veral vir reisigers. Daar is 'n reuseverskil tussen $5 en R5, maar indien die strokie slegs 5 aandui, klink dit nie so baie nie. En sowaar! Hier het ek 'n strokie in my hand sonder 'n geldeenheid op.

Wanneer ek winkel toe gaan, probeer ek regtig onthou om my eie lapsakke saam te meen. Ek pak my inkopies in my eie sak, en pak die sak by die kasregister uit. Volgens die sielkundiges koop mense tot 40% meer indien slegs die groter winkeltrollies beskikbaar is. En soms kom die winkelassistente sommer self met 'n trollie aan sodat ek dit moet vol pak. O, nee, so maklik gaan jy my nie daarmee flous nie.

Dan is daar 'n "gee-om-te-koop" filosofie. Ons het hulle al almal gesien: die mense wat in die winkel staan met haar tafeltjie vol monsters. Monsters van die produkte wat verkoop word: dalk 'n klein monstertjie gesigroom. Met 'n: "Mevrou, voel net die tekstuur van hierdie room, dit kan A, B en C doen." Sjoe, ja, dit is fluweelsag, en dit ruik ook nog so lekker. Kom ek koop die groot potjie. En bingo, in die web.

Winkels stimuleer jou sintuie. Een van die groot winkelgroepe (die een wie se klingel jare terug "net om die hoek" was), se uitleg is verander. Waar jy instap, is die groente en vars vrugte voor jou. So half in jou gesig. Vroeër is geglo dat kliënte in die winkel inkom, en eerste na links beweeg. Daar waar die suiwelprodukte altyd was. Nou het dit verander: aan die linkerkant is die skoonheidsprodukte. Dit werk nou so: die kliënte kom in, word oorweldig deur die heerlikste appelgeure en pragtige kleure. Grasgroen pere, bloedrooi appels, amper klaarafgeskilde uie, goudgeel soetrissies, oranje lemoene en nartjies. Sonder dat jy dit weet, word jy vir 'n oomblik 'n kliënt wat gesond wil leef. Pak jou mandjie of waentjie met die heerlikste vars groente en vrugte. Effens agtertoe is die klaargemaakte etes: eisbein, hoenderstukkies, lasagne en hoe water my mond nou. Wanneer jy dus by die lekkergoedrak verbyloop, is jy al smoorhonger. Omdat jy reeds 'n hoop gesonde items in jou waentjie het, mag jy mos nou maar weglê in die sjokolade en ander lekkers. Heeltemal onbewustelik.

Die stilering van die winkel is baie belangrik. Gaan kyk hoe lyk dit in 'n winkel wat kombuistoebehore verkoop. As koperkleur in die mode is, word die koper gebruiksartikels uitgepak en ligte word op strategiese plekke geplaas om dit strategies te laat blink. Opsluit wil jy ook sulke items hê, want dit lyk so pragtig in die winkel.

Winkels adverteer 'n dringendheid. Die sogenaamde spesiale aanbiedinge ('n meer senior tante het altyd gesê dat die winkelse spesiale aanbodens het) het altyd 'n sperdatum sowel as 'n was-gewees prys en 'n huidige prys of 'n persentasie vermindering. "Nou, beperkte aantal per kliënt! 15% afslag! Was R 25,99, nou R22,10. Net tot Vrydag!" En die kliënte stroom in.

Baie winkels verkoop 3 vir die prys van 2. Maar wees versigtig: daardie item se prys is strategies vermeerder totdat die promosie verby is. Een item het byvoorbeeld R 10 gekos. Nou is dit op promosie vir 3 vir 2, en dit kos nou R 15. Dit is glad nie 'n verlies nie. Inteendeel: die winkel verkoop meer items wat meer inkomste beteken.

'n Vriend van my was werksaam by 'n Wynhandelaar. (Ja, ek dink ook nou daaraan: ek moes destyds meer wyn by hom gebedel het.) 'n Spiksplinternuwe wyn pronk op die rak. Die wyn was veronderstel om tussen R 30 en R 50 geprys te wees. Wat kliënte laat dink dat die wyn amper dieselfde as gebottelde plonk is. Die verkeerde prys is egter aangebring. Die wyn is per ongeluk teen net minder as R 100 geprys, en dit het van die rak af gevlieg. Want dit is wat die gemiddelde kliënt se presepsie is van 'n "goeie" wyn.

Let bietjie op na die musiek in 'n winkel: In die oggende speel daar gewoonlik strelende musiek met 'n stadige tempo. Soos wat die dag verloop, word die musiek stelselmatig vinniger. Wanneer iemand dus teen 17:00 in die winkel instap, speel AC/DC of Suzi Quattro (net 'n grappie…) oor die winkel se luidsprekers en die kliënte hol letterlik met hulle waentjies vanaf die voordeur, deur die rakke, tot by die kassier.

Wanneer jy later vanmiddag winkel toe gaan en op soek is na iets soos, byvoobeeld, 'n blikkie bone, moenie na die bone kyk wat op dieselfde vlak as jou oë op die rak gepak is. Kyk na die boonste rak, en veral die heel onderste rak. Jy behoort die goedkoper weergawes daar doer kry, want die standaard kliënt kyk nie verder as ooghoogte nie.


O, ja, en dan is daar nog promosies. Duisende daarvan. Eers is dit "Back to School" (wanneer die skole ook al oopmaak), dan kom Valentynsdag en alles word in rooi getooi.

Die volgende is Paasfees, en eensklaps wemel die winkel van paashase en paaseiers.

Hier kom Moedersdag, Vadersdag, winterpromosies, lentepromosies, somerverkope, Kersfees en so kan ek aangaan. Alles om my en jou in die wip te vang.

En hulle vang elke liewe keer. Wees volgende keer op die uitkyk daarvoor. My goeie man drafstap deur die winkel, gryp sy inkopies in sy arms, betaal daarvoor en stap uit. Miskien is dit wat ek volgende keer moet word.

Anders vang hulle my weer met dieselfde truuk.




## Provincial update

**Highlights**

- There are **427** new cases: **187** in Mangaung Metro, **47** in Fezile Dabi, **78** Thabo Mofutsanyana, **88** in Lejweleputswa, **19** in Xhariep and **8** Unknown districts.
- Total confirmed COVID-19 cases in the province **90,320** with **82,827 (92%)** recoveries
  - The proportion of confirmed cases among the <20 years is 12% (10702/90320)
  - The median (IQR) age of cumulative COVID-19 cases is **40 (29-53)** years
  - More females are infected (60%; 53710/89945)
- **3890** deaths reported in the province till date, with highest case fatality rate reported in Thabo Mofutsanyana and Fezile Dabi Districts. The provincial case fatality rate is **4.3%**
  - The median (IQR) age of COVID-19 deaths is 64 (54-74) years
  - Majority of the deaths fall within the age group of 45 years and above (3395/3890)
  - 41% of deaths are recorded among males (1607/3890)



# KENNISGEWING

## NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE WILLEM HENDRIK DE JAGER,** Identity Number: 580202 5055 082, in life unmarried, residing at 85 Breë Street Heilbron, district Heilbron, Province Free State, who died on 13 February 2021,
**ESTATE NUMBER: 2959/2021.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on this 30th April 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

## KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET

In die boedel van wyle **SOPHIA MARIA VAN COLLER, Identiteitsnommer 500803 0082 083,** wie oorlede is op **13 Junie 2020,** ongetroud en woonagtig was te **Walkerstraat 9, Reitz, boedelnommer 003583/2020.**
Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te Bloemfontein en Landdroskantoor te Reitz vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikaie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**POSBUS 98, REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**FAKS: 058 863 3467**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a Certified Copy of Deed of Transfer **Number T2239/1985.**
**Passed by:** Die Likwidateurs in die Maatskappy J & S Wepener (Eiendoms) Beperk (In Likwidasie) Registrasie Nommer B238/1984
**In favour of: Estate Late Michael Frederik Muller van der Watt**
**Estate Number:** 3591/2020
and
**Dina Johanna Van der Watt**
**Identity Number: 360814 0006 088**
Unmarried
In my capacity as surviving spouse of the **Late Michael Frederik Muller van der Watt,** to whom I was married in Community of Property.
In Respect of certain
**THE FARM TOLEDO 993**
**DISTRICT REITZ**
**PROVINCE OF FREE STATE**
In extent; 21,4133 (Twenty One comma Four One Three Three) Hectares which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein, 85 Nelson Mandela Drive, BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Vryheid on this 4th day of May 2021.
**G SWEMMER**
**UYS & PARTNERS**
**ADDRESS: UYS & PARTNERS**
**153 LANDDROS STREET**
**VRYHEID, 3100**
**E-MAIL: convey3@uyslaw.co.za**
**CONTACT DETAILS: 034-9822305**

Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwinningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.
***Kontak Jackie Wessels***
***072 936 5925***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa. 8/5 | 8/20 | 40% kans vir donderbuie |
| So. 9/5 | 7/21 | Sonnig |
| Ma. 10/5 | 7/23 | Sonnig |
| Di. 11/5 | 6/24 | Sonnig |
| Wo. 12/5 | 6/21 | Sonnig |
| Do. 13/5 | 5/21 | Sonnig |
| Vr. 14/5 | 5/21 | Sonnig |
| Sa. 15/5 | 4/21 | Sonnig |
| So. 16/5 | 4/21 | Sonnig |
| Ma. 17/5 | 9/23 | Sonnig |
| Di. 18/5 | 8/22 | Sonnig |
| Wo. 19/5 | 9/23 | Sonnig |
| Do. 20/5 | 9/22 | Sonnig |
| Vr. 21/5 | 8/22 | Sonnig |

*Winkelure*
**Maandae - Donderdae**
07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30
**Saterdae**: 08:30 tot 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

**AANDAG!!!**
Bly u naby 'n selfoontoring?
Is u elektro sensitief?
Het u onbekende pyn?
Het u onlangs slaaploos geword?
Tree u kind vreemd op?
Ek sal u huis elektronies skandeer.
R350-00 vir 15 minute in Heilbron.
**Skakel 063 852 3299**

# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

**BAAL VAN SOJA-/ MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
*Hannalie Claassen 079 040 0531*

*Sunday 20 June*
FATHER'S DAY

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars**
**Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***





**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42***
***HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative
studio.co.za

HERALD SPORT

# WERKERSDAG ROLBAL


*Rudi & Tracy Jacobs en Terence Cunningham*

Soms is dit nodig en ook lekker om sommer net op 'n informele manier jou sport te beoefen, dit is presies wat Heilbron Rolbalklub op Werkersdag gedoen het.

Ten spyte van die reën wat onverwags Donderdag geval het, het 24 spelers Saterdag bymekaar gekom en 'n baie informele 2-bal pare kompetisie is gehou.

Spelers van Frankfort en Reitz het ook kom deel in hierdie plesierigheid.

Alhoewel kompetisies altyd gepaard gaan met wenners en naaswenners was die vreugde van die dag dalk van meer waarde as die pryse wat gewen is.

Rudi en Tracy Jacobs, na hul omswerwinge in Noordwes, is weer lede hier by Heilbron en hulle het ook weer bewys dat hulle nog steeds goeie rolbal speel en het dan ook weggestap met die eerste prys.

Die spreekwoord sê nuwe besems vee altyd skoon en in hierdie geval kan seker gesê word dat nuwe rolbal balle speel wen-rolbal. Madeleine en Flip Fourie, met sy nuwe balle, stap dus weg met die tweede prys.

Intussen is die bestuur ook besig om gereed te maak vir Valsrivier se viere kompetisie wat op 22 en 23 Mei hier aangebied word.

Enigiemand wat belang stel in rolbal is welkom om Woensdae en Saterdae om 13:30 by die klub aan te meld waar jy met graagte voorgestel sal word aan die spel.

Vir enige navrae kontak gerus vir Hannalie Claassen 079 040 0531 of vir Terence Cunningham 082 567 1059. Rolbal is werklik 'n sport vir almal. Kom probeer dit gerus.




















BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 10 MEI 2021**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

HANDHAAF Kwartaallikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

**DINSDAG - 11MEI 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

**WOENSDAG - 12 MEI 2021**

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DONDERDAG - 13 MEI 2021**

KROONSTAD veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYDAG - 14 MEI 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**SATERDAG - 15 MEI 2021**

MEMEL: GERHARD EHLERS
SKAAP, WILD & IMPLEMENTE VEILING
11:00, Eljoenai, Memel
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**